H/S MONTAGU POSBUS 85 MONTAGU 6720 TEL: 023-6141390 FAKS: *086 5447251* EPOS: mhsadmin@barvallei.co.za WEB: www.hsmontagu.co.za

# Hoërskool Montagu

Maandbrief : Oktober 2020

Geagte Ouers/Voogde, Leerders en Ondersteuners
Dit is met groot dankbaarheid dat ek inligting en korrespondensie van die afgelope kwartaal met almal deel.

## Akademie

**Graad 12 : September-eksamen:**

Slegs die graad 12-klas het die afgelope kwartaal 'n volle eksamen geskryf. Die leerplanne in al die vakke is afgehandel. Dit was die eerste volle eksamen van die klas en dit het gedien as 'n proefeksamen met die oog op die einde van die jaar. Die klas se gemiddelde persentasie het met 7% gestyg vanaf einde graad 11. Dit maak ons as skool baie trots op die prestasies van die klas van 2020. Hulle het bewys dat hulle sterker en beter gaan wees en ek wil hulle bedank vir hulle puik samewerking. Uit 'n klas van 86 word 11 A-gemiddeldes behaal en 49 leerders slaag die eksamen met volle vrystelling.

Baie geluk aan Jamay Belelie, Nina Boshoff, Ryan Carelse, Wendall Conradie, Suné den Engelsman, Tariq Dollie, Tia Esterhuyse, Alisha Gordon, Enrike Groenewald, Anke le Grange en Pieter Visser met hulle onderskeidings. Hiermee behaal hulle dan ook akademiese erekleure. Sylvester Moses verwerf erekleure in tennis en leierskap en Anke le Grange in akademie en leierskap.

Daar is op 16 Oktober 2020, 'n baie suksesvolle Graad 12 Eksamenvergadering gehou met die oog op die eindeksamen, wat op 19 Oktober 2020 begin het. Op Donderdag 22 Oktober het die matrieks van 2020 `n baie spesiale dag beleef. Hulle is die oggend by die hoofingang deur die VRL en personeel verwelkom. Hierna het hulle prysuitdeling, hemde-teken geleentheid, Oscars en hulle laaste saal. Op uitnodiging van die ondersteunersklub het hulle na die NG-Kerksaal vertrek. Baie dankie aan die Ondersteunersklub o.l.v. mnr. Jacques Carstens en die NG-Kerk vir die heerlike ete en groot bederf. Die matrieks van 2020 het heerlik gesmul en het groot waardering vir die omgee, tyd, ondersteuning en heerlike ete!



Tydens die prysuitdeling het Tia Esterhuyse die Prestasiebeker (hoogste gemiddelde in graad 12) en Sylvester Moses die Willem Louwrens-trofee verwerf.



**RAP: Respek, Aanpasbaarheid en Positiewe denke**

**Bestuurskomitee 2021**

**Tydens die prysuitdeling van die matrieks is die Bestuurskomitee vir 2021 bekend gemaak. Baie geluk aan die volgende leerders en hulle ouers/ voogde:**

**Voor v.l.n.r.: Ankia Ellis (Onderhoofdogter), Dirk-Louw van der Westhuizen (Hoofseun), Zindi van Zyl (Hoofdogter) en John Wright (Onderhoof-seun).**

**Middel v.l.n.r.: Joshua Blacklaws, Liné Stemmet, Tsepo Mzondi en Mechyla Schoeman.**

**Agter v.l.n.r.: Cobus Nel, Cyril Strydom, Marjo Jansen en Mariva Gertse.**



***Akademie graad 8 tot 11:*** Die graad 8 tot 11-leerders het die afgelope kwartaal toetse en ander deurlopende assesserings geskryf. Die rapportpunte van die graad 10-11 leerders is 'n punt wat deur middel van deurlopende evaluering saamgestel is. Dit verteenwoordig al die akademiese aktiwiteite van die jaar tot dusvêr. Graad 8 en 9 punte word per kwartaal gerapporteer en weerspieël die punte behaal van die betrokke kwartaal.

Ten einde onsekerheid by ouers uit die weg te ruim, word die promosievereistes vir die onderskeie grade ingesluit. Meet gerus u kind se punte daaraan, ten einde te bepaal of hy/sy 'n grensgeval is, of nie. Indien daar by u enige onsekerheid bestaan, maak gerus met my kontak.

| **Graad 8-9** | **Graad 10 – 12** (ses vakke slaag) |
|---|---|
| 50%+ in Afrikaans | 40%+ in Huistaal |
| 40%+ in Engels | 40%+ in twee vakke |
| 40%+ in Wiskunde | 30%+ in drie vakke |
| 40%+ in enige drie ander vakke | |
| 30%+ in twee ander vakke | |

**Begrotingsvergadering**

Daar is reeds kennis gegee van die vergadering van **16 November 2020** om 18:00 in die skoolsaal. Die nuwe voorgestelde maandelikse skoolgeld paaiement is R1000 oor 11 maande, vanaf Januarie tot November 2021. Dit is belangrik om daarop te let dat 'n mosie by die vergadering van **16 November 2020** voorgestel sal word vir die goedkeuring van die begroting deur die meerderheid van die ouers teenwoordig. 'n Stemming sal plaasvind en die meerderheid van die ouers teenwoordig moet die begroting goedkeur. Die begroting is tans ter insae by die skool.

Die kriteria en prosedure vir skoolgeldverligting is by die skool verkrygbaar. Aansoekvorms vir skoolgeldverligting is vanaf 23 November 2020 beskikbaar en die sluitingsdatum vir aansoeke is **31 Januarie 2021**.

Ons doen 'n beroep op ouers wat vanjaar vir gedeeltelike vrystelling van skoolgelde gekwalifiseer het om reeds vanjaar die vorms vir 2021 te voltooi en in te handig by die skool. Hiermee wil ek namens die Beheerliggaam op ouers / voogde 'n beroep doen om asseblief die vergadering by te woon. Dit is gewoonlik nie 'n lang vergadering nie. Die agenda is as volg: **Begrotingsvergadering : Maandag 16 November 2020**

| | |
|---|---|
| 18:00 | Opening en verwelkoming (Voorsitter : SBL) |
| 18:10 | Begroting 2020 en prosedure van gedeeltelike vrystelling |
| 18:30 | Stemming oor Begroting 2021 |

**Montagu Jeugkunstefees 2020**

Montagu Jeugkuntefees van 2020 het plaasgevind in die vorm van `n virtuele-fees. Die inskrywings was van `n baie hoë standaard. Ons behaal 7 dubbelgoud, 16 goud, 14 silwer en 5 brons. Die Monties behaal ook 5 kategorie wenners.



Baie geluk aan die volgende leerders:


Jenine Cawood: Kuns (1 Goud)

Nicole van der Walt: Fotografie ( 4 Silwer en 2 Brons)

Chris Carstens: Letterkunde (1 dubbelgoud)

Zindi van Zyl: Letterkunde (3 dubbelgoud, 10 goud en 3 silwer)
Drama (1 goud, en 2 silwer)
Digitale kuns (2 dubbelgoud en 1 goud)
Drama plakkaat (1 dubbelgoud)
Fotografie (2 goud, 5 silwer en 3 brons)
Kinderboek (1 goud)

Chris Carstens deel die komposisie kategorie wenner met Zindi van Zyl. Verder word Zindi as die kategorie wenner aangewys van: Literatuur, digitale kuns, drama plakkaat en fotografie. Zindi is ook as een van die finaliste vir die "McGregor Poetry Festival Competition" aangewys. Die wenners word op 7 November aangekondig. By die geleentheid gaan Zindi haar gedig voorhou.




## *TOP 10-KANDIDATE KWARTAAL 3*

Die volgende leerders behaal hierdie kwartaal die top 10 van hul graad. Baie geluk met dié mooi prestasies. (in alfabetiese volgorde):

**Graad 12:** Jamay Belelie, Nina Boshoff, Ryan Carelse, Wendall Conradie, Suné den Engelsman, Tariq Dollie, Tia Esterhuyse, Alisha Gordon, Enrike Groenewald, Anke le Grange en Pieter Visser (11 leerlinge met gemiddelde A).

**Graad 11:** Ankia Ellis, Cobus Nel, Tanika Crafford, Mechyla Schoeman, Liné Stemmet, Chase van der Linde, Dirk-Louw van der Westhuizen, Zindi van Zyl, Wendy Visser en John Wright.

**Graad 10:** Jaji Blessings, Chris Carstens, Eben Carstens, Franco de Kock, Janie Marais, Nienke Strauss, Neline Swart, Philip Olivier, Amaris Strydom en JG van Deventer

**Graad 09:** Cameron Adonis, Ewan Coetzee, Jean Pierre Matthee, Shana-Re Muller, Ann Lumey Pieterse, Carli Prins, Carlene Segelaar, Geriant Segelaar, NI na Stemmet en Shani Viviers.

**Graad 08:** Nina Beukes, Nicholas Brunnings, Stefanie Burger, Petri Fourie, Mikayla Muller, Franco Stemmet, Jana Strydom, Gabriel Telford, Nicole van der Walt en Andre van Deventer.

### Redenaarskompetisie

Die pandemie het nie `n stokkie voor HSM se redenaarskompetisie gesteek nie. Dit vind steeds plaas in die vorm van `n virtuele aanbieding. Die lyne sluit Dinsdagaand, 3 November, om 19:00 en die beoordeling van elke Whatsapp-video sal die volgende dag deur `n paneel gedoen word.
Dankie aan al die leerders wat ingeskryf het - ons sien daarna uit om na julle te luister!





### Netheid

Ons is bekommerd oor die lengte van die dogters se **rompies**. Ouers/voogde moet asseblief seker maak dat u dogter se rompie goed pas. Van voor en agter moet die rompie van die regte lengte wees en gemaklik pas.
Carina`s het voorraad, indien `n nuwe rompie benodig word. Skenk asseblief u ou rompie aan die klerebank.

# Koshuis Aansoeke 2020: *Huis van Velden*

Huis van Velden slaag baie goed daarin om 'n werklike tuiste weg van die huis af te skep. Aansoeke vir koshuislosies vir 2021 word ingewag. Alle ouers/voogde wat belangstel om hulle kinders by die koshuis in te skryf, kan die nodige vorms by die koshuisvader, Mnr. Roos, by die koshuis/skool afhaal.  Aansoeke vir 2021 open op 2 November 2020 en sluit op 30 November 2020.  Slegs leerders van die Hoërskool- en Laerskool Montagu word in die koshuis gehuisves.

Veral die Ashton leerders word aangemoedig om van die koshuisverblyf  gebruik te maak. Ons het volgende jaar meer leerders van Ashton af  en gevolglik gaan daar nie vir al die leerders plek wees op die bus nie. Onder sekere omstandighede kry die leerders ook afslag van koshuisgelde.  Nadat die aansoeke deurgewerk en goedgekeur is, sal Mnr. Roos of Mev. Myburgh met u kontak maak.

Baie geluk aan mnr. Duan van Brouwershaven wat aangestel is as die nuwe koshuisvader vanaf 1 Januarie 2021 en baie dankie aan Mnr. Roos vir die afgelope termyn. Ons dink ook aan Mev. Myburgh en Mev. Davids wat tans weens mediese redes met verlof is.

Daar is baie herstelwerk en verbeteringe wat tans by die koshuis plaasvind. Onder andere word al die badkamers oorgedoen, die dak en buitemure word geverf, al die krag word oorgedoen en alle ligte word vervang. Dit sal verseker dat die koshuis in  'n puik toestand is. Onder is enkele fotos van die badkamers. Fotos van die res van die koshuis sal op Facebook geplaas word soos dit voltooi word.



**Belangrike datums : 4de kwartaal.**

| | | |
|---|---|---|
| November | 02 | Skool heropen 07:45 (**Somersdrag)** |
| | 16 | Graad 8 – 11 Eksamen begin |
| | 16 | Begrotingsvergadering (ouers) 18:00 / SBL Vergader: 18:45 |
| Desember | 04 | Graad 8 – 11 eksamen eindig |
| | 11 | Vorderingsverslae beskikbaar (09:00-10:00) |
| | 15 | Gr.12 NSS-eksamen eindig<br>Skool sluit vir personeel 11:00 |




## PERSONEEL EN ALGEMEEN

Mev. Carien Burger is aangestel in 'n permanente WKOD pos. Mev. Kriel tree vanjaar af en in haar plek is mev. Lindi Ferreira aangestel. Mag haar verbintenis met ons skool 'n lang en gelukkige een wees! Ons wag steeds op kommunikasie vanaf die WKOD oor die aanstelling van die nuwe Adjunkhoof. Ek kan, met dankbaarheid, bevestig dat mnr Kotze volgende jaar aangaan in 'n beheerliggaampos ,terwyl ons wag vir die finale kommunikasie vanaf die WKOD.

Dié jaar het ek weereens besef dat ons as Monties 'n baie sterk span is. Ek kan met groot eerlikheid en dankbaarheid getuig dat die Monties in die tyd saamgestaan het. Ek is van mening dat 2020 ons net sterker en beter mense gaan maak. Veral ons graad 12 leerders is puik voorberei vir die lewe na skool.

Ek wil die lede van die Beheerliggaam onder leiding van mnr. Theuns Carstens en die Ondersteunersklub onder leiding van mnr. Jacques Carstens bedank vir hulle bydrae en ondersteuning die afgelope 6 maande.

Onder die leiding van mnr. Johan Strydom het ons nie-onderwyspersoneel verseker dat ons skool skoon en 'n veilige omgewing bly. Vir die personeel van HS Montagu het ek die grootste waardering en respek. Julle is `n span duisend! Dankie vir die wonderlike werksomgewing wat by die skool heers en dat ons as span kan saam lag en huil.

Aan alle ouers/voogde: Dankie vir die samewerking, ondersteuning en lojaliteit van die afgelope kwartaal. Mag dié van u wat met vakansie gaan, veilig reis en goed uitrus.

**MONTIE GROETE.**
**SKOOLHOOF: MNR. TERTIUS PRINS**

**Gr 8 – 11 Eksamenreëlings : November 2020**

Die volgende algemene reëlings geld vir die ekamenperiode:

- Vir bogenoemde periode moet alle leerders die dag waarop hulle skryf by die skool teenwoordig wees vir die volle duur van die eksamendag **(08:30 – 13:00).** ‘n **Doktersertifikaat** moet in gevalle van afwesigheid ingedien word.
- Op die “afdag” mag die betrokke leerders by die huis bly en leer. Die reëling geld as gevolg van Covid-19.
- Die **normale skoolreëls** ten opsigte van voorkoms en gedrag geld tydens die eksamen.
- In die begin van die eksamen word 'n **sitplek** aan elke leerder toegewys. Geen leerder mag van sitplek verander tydens die eksamen nie.
- Elke leerder is self verantwoordelik vir sy/haar eie **eksamentoerusting.** Eksamen mag slegs in donkerblou of swart ink afgelê word. Beide kante van die eksamenpapier moet benut word.
- **Handboeke** word ingehandig op die dag waarop daar eksamen in die betrokke vak afgelê word. Ouers sal aanspreeklik gehou word vir die koste verbonde aan handboeke wat nie ingehandig word nie.
- Daar word van alle leerders verwag om ook tuis deeglik voor te berei vir die eksamen. 'n **Studieprogram** van ten minste vier ure per dag vir graad 8 en 9 en ses ure per dag vir grade 10 en 11 word voorgestel.
- **Stilte** moet gehandhaaf word in die omgewing van eksamenlokale (ook tydens pouses).

Ek versoek dat leerders vir die duur van die eksamen nie onnodig rondloop of aan georganiseerde sosiale aktiwiteite deelneem nie.

Dit is baie belangrik om daarop te let dat die Onderwysowerhede die bestuur van vakveranderinge in graad 12 gewysig het. **Daar word geen vakveranderinge in graad 12 toegelaat nie.** Graad 11 leerders mag voortaan na afloop van die eksamen in November, van een vak verander. Hierdie verandering moet egter aan die einde van die graad 11 jaar, voor skoolsluiting in Desember, afgehandel wees. In die lig hiervan het ons besluit om die vorderingsverslae van die graad 08 tot 11 leerders vanjaar reeds op **Vrydag 11 Desember 2020 tussen 09:00 en 10:00** by die skool beskikbaar te stel. Graad 11 leerders wat wil aansoek doen vir ‘n vakverandering met die oog op graad 12 in 2021, het dan tyd tot **Maandag 14 Desember 2020** om hiervoor aansoek te doen.

Die Hoërskool Montagu is trots op ons akademiese rekord. Kom ons probeer om met ‘n spanpoging hierdie akademiese rekord te handhaaf. Die aantal vraestelle per vak, leerinhoud en lengtes van vraestelle is aangepas volgens riglyne van die WKOD en DBO.

# HILLS CHALLENGE

MOUNTAIN BIKE & TRAIL RUN

Doringlaagte

MONTAGU



# 24 OCTOBER 2020

LAER MONTAGU SKOOL
YWER BRING SUKSES

MTB: 65KM. 48KM. 25KM. 12KM

TRAIL RUN: 15KM. 8KM & COLOUR RUN: 3KM

**ONLINE ENTRIES:**

www.thehillschallenge.co.za

**CONTACT: 082 855 3382**